

Kinderkommunie in diskussie

J.H. van Wyk
Departement Dogmatologie en Ekklesiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

Pedocommunion – a discussion

In this article the issue concerning the admission of children to the Lord's Table is investigated. This issue has already been addressed positively by John Calvin. However, his response depended on the condition that children should confess their faith publicly prior to partaking of Holy Communion. Scripture does not supply explicit material in this regard. 1 Corinthians 11, however, states that communicants should have the ability to examine their lifestyle and evaluate the very nature of their faith. They should also have the ability to distinguish between the meaning of bread and wine as signs of Christ's body within the context of Holy Communion, and bread and wine as part of an ordinary meal. It is suggested that even children can have this ability to distinguish properly – an indication supported by the Easter practice where children were allowed to partake of the ceremony. The article concludes by stating that pedocommunion should indeed be considered carefully.

1. Probleemstelling

Doop en Nagmaal kan op vier verskillende maniere met mekaar verbind word, naamlik:

- kinderdoop en kindernagmaal (Oosters-Ortodokse Kerke)
- kinderdoop en volwassenagmaal (Gereformeerde Kerke)
- volwassenagmaal en volwassedoop (Charismatiese Kerke)
- volwassedoop en kindernagmaal

Op watter teologiese gronde word vir een van hierdie moontlikhede gekies? Is daar genoegsame Skrifgetuienis om ondubbelsinnig vir een daarvan te kies? Is dit nie teologies verantwoord en konsekwent geredeneer om te stel dat wie (na analogie van die kinderbesnydenis) vir die kinderdoop kies, ook (na analogie van die kinderpasga) vir die kindernagmaal moet kies nie (vgl. Van der Wal, 1971:239)?

Suggereer 'n praktyk van kinderdoop en volwassenagmaal nie 'n foutiewe ongelikheid tussen die doop en Nagmaal nie ?

Is dit pastoraal verantwoord dat kinders op die ouderdom van byvoorbeeld twaalf tot sewentien jaar, wat psigologies as krisisjare aangedui word, die geloofs-versterkende funksie van die Nagmaal moet ontbeer (Aalbers, 1971:66, 81; Theron, 1994:304)?

Is die gereformeerde Nagmaalspraktyk van 'n kinderlose Nagmaalsdiens Bybels verantwoord? Die Nagmaal is vir baie kinders 'n "onsigbare saak" (vgl. Van der Werf, 1965:45; Aalbers, 1971:10).

Leer die kerkgeskiedenis nie dat die kindernagmaal (en selfs suigelingnagmaal) ver teruggevoer kan word en dat die kindernagmaal selfs in die tyd van die Reformasie voorgekom het nie (weliswaar ná geloofsbelydenis)? Is daar nie tans talle gereformeerde kerke waar die praktyk van kindernagmaal ingevoer is of ernstig oorweeg word nie? Kindernagmaal is nie slegs praktyk in die Oosters-Ortodokse Kerke asook in die Rooms-Katolieke Kerk (vanaf sewe jaar) nie, maar die besprekingspunt verskyn ook op die agenda van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (1992:340-343) terwyl die Ned. Geref. Kerk dit tans ernstig oorweeg (vgl. Wessels, 1995:9; die studie van Theron, wat in 1994 gepubliseer is, het die basis gevorm van die rapport wat voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1992 gedien het). Aalbers (1971:15-16) deel mee dat kindernagmaal ook in die Vrijgemaakte Gereformeerde Kerk van Rijsbergen gevier word.

Is dit hoegenaamd 'n probleem om van "kindernagmaal" te praat? Die huidige praktyk in talle gereformeerde kerke is dat kinders rondom skoolverlaters-ouderdom, dit wil sê rondom sestien-sewentien jaar, belydenis van die geloof aflê (Spoelstra, 1989:339). Is hulle dan al volwassenes of nog kinders? Is daar enige Skrifgegewens wat voorskryf op watter ouderdom geloofsbelydenis gedoen moet word? Is daar enige Skrifgegewens wat kategese en geloofsbelydenis 'n voorwaarde maak vir toegang tot die Nagmaal?

Al hierdie vrae roep om voortgaande besinning en verantwoording. Die kerk van die Here is immers nie gediend met 'n teologie van goedkoop antwoorde nie – 'n gevaar waaraan die gereformeerde teologie hom dikwels blootstel. Aan die ander kant moet gewaak word teen 'n teologie van verandering ter wille van verandering. Wat verander word, moet Skriftuurlik verantwoord word.

Wanneer besin word oor die tema van kindernagmaal, soms ook pedokommunie genoem, moet dit baie duidelik van *suigelingnagmaal* onderskei word (vgl. Theron, 1994:296). Selfs wat die kindernagmaal betref, moet onderskei word tussen (1) kindernagmaal voor/sonder geloofsbelydenis, (2) kindernagmaal na

voorlopige of huisbelydenis en (3) kindernagmaal na openbare of gemeentebelydenis.

2. Kerkgeskiedenis

Is daar – sonder om vir een oomblik te suggereer dat die kerkgeskiedenis as maatstaf behoort te dien – wat die kindernagmaal betref enige les uit die kerkgeskiedenis te leer? Slegs die Skrif is *norma* en *regula fidei et vitae* (Bavinck, 1928:63). Aan die ander kant moet die waarde van die *analogia fidei (dogmatis)*, dit wil sê dit wat uit die Skrif afgelei en in die konfessies vasgelê is (Bavinck, 1928:451), ook nie onderskat word nie. Die vraag moet dus ondersoek word hoe daar in die loop van die kerkgeskiedenis oor die kindernagmaal geoordeel is.

Hoewel verskeie navorsers daarop wys dat kindernagmaal reeds in die *Vroeë Kerk* bekend was (Aalbers, 1971:19; Keidel, 1975:301-304; Hermans, 1987:52; Clasen, 1989:148-152; Clasen & Vos, 1990:107-108; Hartvelt, s.j.:89), vestig Bolkestein (1964:34) die aandag daarop dat dit foutief is om te oordeel dat die kindernagmaal van die (heel) begin af aanwesig was. Eers na die aanvaarding van die kinderdoop het ook die kindernagmaal praktyk geword (Bolkestein, 1964:34-35). So vind ons die kindernagmaal by Cyprianus en Augustinus (Bolkestein, 1964:35) en leef dit, selfs in die vorm van suigelingnagmaal, nog in die Oosters-Ortodokse Kerke voort.

In die *Rooms-Katolieke Kerk* is die ouderdom vir kommunikante op sewe jaar vasgestel (vgl. Bolkestein, 1964:35-36; Nijenhuis, 1974:303). Met die opkoms van die transsubstansiasieleer kom die kleinkinderkommunie in gedrang en verdwyn dit van die toneel – kinders kan immers met die substansies mors (Keidel, 1975:302). Die groot Roomse teoloog, Thomas van Aquino, het gedink in terme van 'n tienjarige ouderdom vir kommunikante, maar die Vierde Lateraanse Konsilie van 1251 het die *anni discretionis* op sewe jaar gestel. Die Konsilie van Trente het in 1551 bepaal dat die praktyk van kindercommunie in die vroeë kerk nie veroordeel moet word nie, maar deelname aan die kommunie is nie heilsnoodsaaklik vir kinders voordat hulle tot hulle verstand gekom het nie (vgl. Neuner & Dupuis, 1983:422-423; The Catechism, 1992:321). Pous Pius X het in 'n dekreet in 1910 die kommunieplig op sewe jaar vasgestel. Dit is belangrik om te weet dat in die Rooms-Katolieke Kerk geen verband tussen kategese en kommunie bestaan nie. Die ontwikkeling van die Middeleeuse konfirmasie (of vormsel) as tweede sakrament, wat die mededeling van die Heilige Gees aan jongmense (sewe tot twaalf jaar) uitdruk, is deur die Reformatore skerp gekritiseer en afgewys (vgl. Calvin – *Institusie*, 4.19.4-13) en met die geloofsbelydenis vervang (Clasen & Vos, 1990:109).

Met die *Reformasie* kom nuwe besinning na vore en wel in die sin dat besondere aandag gegee is aan die *katgesese* wat die Nagmaal voorafgegaan het. Selfs ná die toelating tot die Nagmaal het daar voortgaande kategetiese onderrig plaasgevind, maar: “De kindercommunie op zichzelf betekende voor de Reformatie geen probleem. Zij werd gepraktiseerd in Zürich, Wittenberg, Straatsburg en Genève” (Nijenhuis, 1974:304, 315; *contra* Clasen & Vos, 1990:108). Tog het die Reformasie die suigelingnagmaal afgewys en die verband tussen geloofsbelydenis en Nagmaal weer herstel. Terwyl Luther in terme van sewe- tot tienjarige ouderdom vir kommunikante gedink het, het Calvyn aan tien jaar en hoër gedink.

Calvyn skryf in sy *Institusie* (4.19.13) die volgende: “n Kind van tien jaar moes voor die kerk verskyn om belydenis van sy geloof af te lê”. Oor die interpretasie van hierdie “tien jaar” bestaan nogal meningsverskil. Bedoel Calvyn inderdaad dat ’n kind op tienjarige ouderdom geloofsbelydenis moet aflê (en daarmee dus toegang tot die Nagmaal verkry) (hoewel die gebruik in Genève elf of twaalf jaar was), of bedoel hy dat ’n kind hom/haar op tienjarige ouderdom vir *onderrig* met die oog op geloofsbelydenis moet aanmeld? Plomp (1969:68-69) is van mening dat die *kerklike katgesese* op tienjarige ouderdom begin het (tot dan is dit deur die ouers behartig) en dat die geloofsbelydenis op ongeveer vyftien plaasgevind het. Nijenhuis (1974:311) is nie deur die argumentasie van Plomp oortuig nie; Verboom (1991:51-52) dink aan twaalf jaar, Bouwman (1970:384) aan veertien (vgl. Van der Linde, 1983:205). Hartvelt (s.j.:91) wys daarop dat Calvyn die woord *admissie* in plaas van *konfirmasie* gebruik. Dit val ook op dat waar die geloofsbelydenis by Bucer ’n baie sterk persoonlike karakter gedra het (as persoonlike geloofsoortuiging), dit by Calvyn meer kerklik gerig was as instemming met die belydenis van die kerk (Hartvelt, s.j.: 92, 101; Nijenhuis, 1974:313).

Die groot bydrae van die Reformasie moet in die herstel van die katgesese gesoek word. Trouens, die Reformasie het die Roomse sakrament van die vormsel vervang met die instelling van die katgesese en die geloofsbelydenis (Bavinck, 1930:562). Gevolglik oordeel Nijenhuis (1974:316) dat “de kern van het vraagstuk van kindercommunie en confirmatie is niet gelegen in de leeftijdsgrens doch in de catechese”. Tog sou juis die katgesese, veral in sy na-Reformatoriese ontwikkeling, weer nuwe kritiek oproep, naamlik dié van intellektualisme en van kennis as voorwaarde vir Nagmaalsviering (vgl. Bolkestein, 1964:38; Müller-Fahrenheit, 1982:38, 39; Theron, 1994:297). Ons kom later hierop terug.

Dit is opvallend dat die vraagstuk van die kindernagmaal in die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 35) en Heidelbergse Kategismus (30:81, 82) geheel en al ontbreek. Wel reflekteer dit in ’n sekere sin in die Dordtse Kerkorde as artikel 61 onder andere die belydenis van “die Gereformeerde godsdiens” as voorwaarde

vir Nagmaalsviering vasstel (vgl. hieroor Van Wyk, 1989:91-92). 'n Ouderdomsbepaling ontbreek egter.

In die periode van die *Na-Reformasie*, met die opkoms van die Piëtisme en die *Aufklärung*, vind egter 'n hele aantal afbuigings plaas, onder andere 'n diepgaande subjektivering van die geloof en die geloofsbelofenis (Nijenhuis, 1974:316) – waarmee natuurlik nie gesê is dat alles wat die Na-Reformasie na vore gebring het negatief beoordeel moet word nie (Wentsel, 1995:781-88). Bouwman (1970:384) wys daarop dat al hoe verder wegbeweeg is van die ouderdom van veertien jaar:

In de 18e en de 19e eeuw is de leeftijd hoe langer hoe later gesteld, en wel onder invloed van het *piëtisme* en het *quietisme*, dat een verhaal van bekering eischte, van het *rationalisme*, dat als eis stelde, dat ieder christen een rationeel bewijs van het christendom kon geven, en van de *Aufklärung*, dat de gedachte propageerde, dat ieder kind vrij moest kiezen uit alle godsdiensten, en dus niet vroeg zich moest binden

Desondanks kies Bouwman self vir 'n ouderdom van sewentien tot een en twintig jaar.

Gereformeerde teoloë van die twintigste eeu oordeel oorwegend negatief oor die kinderkommunie. Van Bavinck (1930:560-561) tot Van Genderen en Velema (1992:734-735; 1993:95-97) bly die oordeel afwysend (so ook Van der Wal, 1971:232-239; Trimp, 1985:101; Verboom, 1991:51-52). Bavinck (1930:560-561) het die volgende argumente teen die kinderkommunie aangevoer (en Van Genderen stem grotendeels daarmee saam):

- * Daar is 'n groot verskil tussen die (kinder-)besnydenis en die (volwasse-) pasga.
- * Daar is 'n groot verskil tussen die doop (as sakrament van die wedergeboorte) en die Nagmaal (as sakrament van die opgroei in gemeenskap met Christus).
- * Die instelling van die Nagmaal deur Christus het net aan volwassenes geskied.
- * Die onderskeidingsvermoë en selfbeproeving van I Korintiërs 11 sluit kinders uit.
- * Kinders wat nie Nagmaal vier nie, ontbeer geen weldade van die verbond nie.

Dit sal in die verloop van hierdie artikel hopelik duidelik word dat die argumente van Bavinck nie almal deurslaggewend is nie.

Langsamerhand is daar egter ook binne die gereformeerde denkwêreld opnuut besin oor die kinderkommunie en het al hoe meer gereformeerde kerke daarmee 'n begin gemaak, waarmee vanself voortgaande debat opgeroep is.

3. Skrifberoep

Dit is vanselfsprekend dat in 'n reformatoriese benadering tot die vraag of kinders ook mag Nagmaal vier, die Skrifgetuienis van deurslaggewende betekenis sal wees. Daar kan egter op verskeie manier met die Skrifgegewens omgegaan word, byvoorbeeld deur na geïsoleerde tekste te gaan soek wat die kindernagmaal ondersteun of afwys. So 'n benadering roep maklik die kritiek van 'n atomistiese Skrifberoep na vore. Hierby kom nog dat in die geval van die kindernagmaal baie weinig direkte Skrifgegewens beskikbaar is (Aalbers, 1971:29-30; Den Heyer, 1990:7 e.v.; Theron, 1994:297; vgl. Hendriks, 1986).

'n Ander weg moet dus gekies word en wel een waarin die ganse Skrif, Ou en Nuwe Testament, tot sy reg kom.

3.1 Die verbondsleer bepaal die sakramentsleer

Die eerste aspek waarop ons wil wys, is die feit dat die Nagmaalsleer, en alles wat daarmee saamhang, nie los van die *verbondsleer* verstaan en behandel kan word nie. Die verbondsleer bepaal die sakramentsleer fundamenteel (vgl. Kerkorde art. 56). Dit geld vir sowel die leer oor die (kinder-) doop as die leer oor die Nagmaal. Dit beteken dat die Nagmaal alleen reg verstaan kan word teen die agtergrond van die Ou-Testamentiese Paasfees waarvan dit in 'n bepaalde sin 'n voortsetting is – hoewel nie sonder meer nie en ook nie ten opsigte van alle aspekte nie (tereg by Versteeg, 1980:34; Keidel, 1975:312 redeneer hier te simplisties). Soos wat die Ou Testament die besnydenis en Pasga as verbondstekens geken het, so ken die Nuwe Testament die doop en Nagmaal as verbondstekens. Dat daar duidelike verbande tussen die Paasfees en Nagmaal is, blyk duidelik uit I Korintiërs 11:25 waar sprake is van 'n nuwe verbond wat deur die bloed van Christus beseël is. In I Korintiërs 5:7 word Christus uitdruklik genoem “ons paaslam” wat geslag is. Dit is sonder twyfel 'n heenwysing na die paaslam wat tydens die Pasga geslag is en waarvan die bloed aan die deurkosyne gespreinkel is sodat die doodsengel kon verbygaan en Israel in vryheid die Beloofde Land kon bereik (Eks.12). Trouens, die Nagmaalritueel word in offerterminologie beskryf wat direk aansluit by die Pasga (Ridderbos, 1966:464-468; Versteeg, 1980:32-34). Die brief aan die Hebreërs, veral hoofstukke 9-10, illustreer hierdie aansluiting ook baie duidelik.

Indien dit waar is dat die verbond die kinderdoop (waarvoor geen direkte Skrifbewys bestaan nie) motiveer, kan die vraag nie omseil word waarom die verbond nie ook die kindernagmaal kan motiveer nie (vgl. Aalbers, 1971:39-40,

44-45; Van den Berg, 1978:78; Theron, 1994:303). Anders gestel: indien die verbondsmatige denke ten opsigte van die kinderdoop deurslaggewend is, waarom moet die individualistiese denke ten opsigte van die kindernagmaal dan deurslaggewend wees? (Van der Werf, 1965:40; Keidel, 1975:306-334; Van den Berg, 1978:54; Müller-Fahrenheit, 1982:39; Clasen & Vos, 1990:112).

Bostaande vrae lei na die vraag oor die plek van kinders binne die raamwerk van die Paasfees. Terwyl die *hesnydenis* aan *babas* (op agt dae) voltrek is, was *kinders* – die *jongste* kind (Versteeg, 1980:32) – wat reeds vrae kon stel en verduidelikings kon verstaan by die *Pasga* betrek (Eks. 12:26, 13:8) (vgl. Breed & Venter, 1996:57-72). Na analogie hiervan kan gesê word dat die suigeling-nagmaal uitgesluit is maar nie die kindernagmaal nie.

Hierteenoor kan natuurlik aangevoer word, soos Calvyn (*Institusie*, 4.16.30) (en Bavinck) inderdaad doen, dat daar nié vanuit die kinderdoop tot die kindernagmaal gekonkludeer mag word nie omdat die sakramente te veel verskil. Ongetwyfeld is daar verskil tussen die sakramente, veral wat hulle *aard* maar nie wat hulle *inhoud* betref nie. Die “substansie” van al twee sakramente is Christus, sê Calvyn (*Institusie*, 4.14.16) tereg. Die doop kan beskryf word as die sakrament van die *inlywing* in die genadeverbond en die Nagmaal as die sakrament van die *inblywing* in die verbond (Theron, 1994:300). In ’n sekere sin kan die doop ook beskryf word as die sakrament van die wedergeboorte en die Nagmaal as die sakrament van bekering (Wielenga, 1913:114). Daarom vind die doop net een maal plaas maar word die Nagmaal telkens herhaal. Die sakramente is nie só ongelyk dat die kinderdoop die kindernagmaal weerspreek nie. In elk geval het Calvyn self geoordeel dat *kinders* van 10/15 jaar toegang tot die Nagmaal behoort te hê, *maar eers nadat hulle kategetiese onderrig ontvang en openbare geloofsbelydenis* afgelê het. Die vraag na die kindernagmaal gaan dus nie in die eerste plek oor ’n bepaalde ouderdom nie maar oor die noodsaak van kategese en geloofsbelydenis. Anders gestel: die vraag is of kinders wat Nagmaal vier, inderdaad (behoort te) weet wat hulle doen.

Voorstanders van die kindernagmaal aksentueer op ’n besondere wyse die Bybelse gemeenskapsdenke, omdat gemeenskap ’n sentrale gedagte in die verbond is (Aalbers, 1971:51; Müller-Fahrenheit, 1982:9). So word die gedagte van *gesinskommunie* gelanseer (Aalbers, 1971:60) en word gesê dat die *gesinsdoop* ’n *gesinsnagmaal* oproep (Aalbers, 1971:30; Prins, 1994:312). Dit kan nie anders nie as dat die (Westerse) individualistiese denke hom hoe langer hoe meer in ’n spanningsituasie bevind met die Bybelse korporatiewe denke, ’n spanning wat hom veral rondom die verbond en die Nagmaal openbaar (Theron, 1994:303).

3.2 Die Nagmaal as gemeenskapsmaal (1 Kor. 11)

Wanneer oor die kinderkommunie nagedink word, is daar seker geen enkele ander Skrifgedeelte wat soveel lig op die onderwerp laat val as juis 1 Korintiërs 11 nie. In hierdie gedeelte gee die apostel Paulus immers breedvoerig aandag aan die viering van die Nagmaal asook aan misstande in hierdie verband. Hy verwys hier na twee sake wat vir ons tema besonder belangrik is. In 11:28 praat hy van *selfondersoek* en in 11:29 van *onderskeiding* van die liggaam van die Here. Hierdie twee uitdrukkings sal weldra nader ondersoek word (vgl. Van Wyk, 1978:40; Van Wyk, 1989:93-94). Vir 'n korrekte verstaan van hierdie woorde is die konteks waarbinne hulle ter sprake kom, baie belangrik. Daarom word eers daaraan aandag bestee.

Die Korintiërbrief lewer bewys daarvan dat daar in die gemeente allerlei ongerymdhede aanwesig was. Groepvorming was aan die orde van die dag (1:10-17), verdeeldheid oor die Nagmaal het voorgekom (11:18), ja, dit was 'n gemeente waarin individualisme hoogty gevier het (11:21). Vir Paulus was dit eenvoudig onaanvaarbaar dat die Nagmaal (hy noem dit "maaltyd van die Here", v. 20), wat 'n maaltyd van gemeenskap moes gewees het, ontaard het in 'n maaltyd van verdeeldheid. Die ryk Korintiese lidmate het naamlik nog lank voordat die armes (en slawe) vir die maaltyd opgedaag het, en sonder om vir hulle te wag (v. 33), geëet en gedrink. In plaas daarvan dat die Nagmaal die sosiale verskille versag is, is dit eerder verskerp (Breytenbach, 1986:53-58). Die Nagmaalstafel, wat 'n liefdesmaal by uitstek is, openbaar hom in die Korintiese gemeente juis in 'n gebrek aan naasteliefde, meer in besonder 'n gebrek aan liefde van die rykes teenoor die armes (Hartvelt, s.j.:107; Aalbers, 1971:41). Daarom tref Paulus 'n ordereëling: eet liever die gewone maaltye tuis en vier dan die maaltyd van die Here wanneer die gemeente saamkom (11:34); maak 'n duidelike onderskeid tussen gewone maaltye en die maaltyd van die Here. Die Nagmaal is immers verbondsmaal en gemeentemaaltyd by uitnemendheid (Ridderbos, 1966:473; Versteeg, 1980:54-58). Om die Nagmaal op 'n "waardige" wyse te vier, het niks te doen met eicwaardigheid nie maar met 'n viering wat gebou is op liefde, gerig is op ware gemeenskap met die naaste en gestroop is van alle egoïsme.

Teen hierdie agtergrond word die betekenis van die *selfondersoek* en die *onderskeiding* van die liggaam van die Here duidelik. Paulus roep die gemeente op tot 'n indringende selfondersoek, want wie op nie-vanpaste wyse eet en drink, sonder om die liggaam van die Here te onderskei, eet en drink 'n oordeel oor homself (vgl. Grundmann, 1974:181-182). Hierdie (voorlopige) *oordeel* oor nie-vanpaste Nagmaalgangers (v. 29) moet egter baie duidelik van die (finale) *veroordeling* van die wêreld (v. 32) onderskei word (Ridderbos, 1966:477; Morris, 1971:164). Dit is duidelik dat hierdie selfondersoek in die Korintiese konteks sterk afgestem is op die verhoudingslewe in die gemeente, veral die

verhouding van rykes teenoor armes. In die bekende Nagmaalsformulier word die selfondersoek tot drie sake uitgebrei, naamlik sondebeseft, verlossingsbeseft en dankbaarheidsvoorneme. By die derde aspek word dan spesifiek na die verhouding tot die naaste verwys as gehandel word oor die voorneme van elke lidmaat om “eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en (om) voortaan in ware liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe” (vgl. Wielenga, 1913:154-157). Almal wat waarlik wil Nagmaal vier, en dit moet dan ook vir kinders (kan) geld, moet ’n beseft hê van wat naasteliefde in ’n gemeentelike konteks beteken.

Wat bedoel Paulus met die uitdrukking “om die liggaam van die Here te onderskei”, wat die NAV van 1983 parafraseer met “beseft dat dit die liggaam van die Here is”? Daar is groot eenstemmigheid onder teoloë dat hierdie uitdrukking slegs verstaan kan word teen die agtergrond van die Korintiese Nagmaalsviering waar die onderskeiding tussen gewone maaltye en die maaltyd van die Here nie eerbiedig is nie. Lidmate het nie meer onderskei tussen die betekenis van gewone brood en wyn en die betekenis van brood en wyn in Nagmaalskonteks nie (Grosheide, 1957:314; Morris, 1971:164). Die nie-onderskeiding kom daarop neer dat die brood brood bly, losgemaak van sy tekenkarakter en sakramentele verband; die korrelasie van geloof en sakrament is verbreek (Berkouwer, 1954:339). Die nie-onderskei beteken dat die liggaam van Christus nie in sy heilige en heilryke betekenis erken is nie (Ridderbos, 1966:477). Hierdie onderskeiding vra begrip, wat sekerlik nie van babas verwag kan word nie maar wel by kinders aanwesig mag wees. Die vraag is: van watter ouderdom af? En: gaan die vermoë tot onderskeiding (en selfondersoek) aan die geloofsbelydenis vooraf, of val dit dalk daarmee saam, of volg dit daarop? Is geloofsbelydenis ’n voorwaarde vir die viering van die Nagmaal?

3.3 Geloofsbelydenis as voorwaarde vir Nagmaalsviering?

Ons het reeds daarna verwys dat die Kerkorde in artikel 61 bepaal dat “tot die Heilige Nagmaal alleen diegene toegelaat word wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde godsdiens gedoen het ...”. Die vraag is of hierdie ordereëling Skriftuurlik gesubstansieer kan word.

Daar is ywerige voorstanders vir die praktyk van eërs geloofsbelydenis en dáarna Nagmaalsviering (Bolkestein 1964:31-33). Bolkestein voer aan dat in die Skrif geen sprake is van ’n Nagmaalsviering sonder die veronderstelling van doop en belydenis nie. “Wij wijzen dus af een deelname aan de viering van het avondmaal, die is losgemaakt van de belijdenis” (Bolkestein, 1964:39). Ook Nauta (1971:268) oordeel dat, hoewel die gebruik van eers geloofsbelydenis en daarna Nagmaal nie regstreeks aan die Heilige Skrif ontleen is nie, die *status quo* gehandhaaf moet word. Inderdaad moet gesê word dat bogenoemde praktyk nie direk in die Skrif terug te vind is nie (Aalbers, 1971:48-49). Daar is selfs beweer dat hierdie praktyk voortgespruit het uit subjektivistiese stromings in Engeland en

Duitsland (Aalbers, 1971:48-49). Die vraag ontstaan of kennis en insig nie op hierdie wyse 'n kriterium word vir toegang tot die Nagmaal nie – 'n vraag wat ons reeds eerder gestel het. Mag die geloofsbelydenis voorwaarde wees vir toegang tot die Nagmaal (Clasen & Vos, 1990:109)? Of is dit eerder 'n *weg waarlangs* iemand toegang tot die Nagmaal verkry (Woelderink, 1974:240)?

Volgens die Skrif word iemand deur die doop ingelyf in die liggaam/gemeente van Christus (vgl. Versteeg, 1983:9-133; Trimp, 1985:34-43). As sodanig is elke dooplidmaat volledig lidmaat van (die gemeente van) Christus (Keidel, 1975:341; Clasen & Vos, 1990:109, 111, 112). Die Skrif ken nie die gedagte van onvolledige lidmate nie.

Uit die Skrifgegewens kan afgelei word dat Nagmaalsgangers in staat moet wees tot selfondersoek (veral ten opsigte van naasteliefde) en tot onderskeidingsvermoë (veral ten opsigte van 'n gewone maaltyd en die maaltyd van die Here). Hierdie onderskeidingsvermoë impliseer 'n bepaalde mate van insig in en kennis van die dinge van die koninkryk, die kerk, die doop, die Nagmaal; verder 'n bepaalde kennis van, nee, liefde vir God die Vader, ons Skepper, Jesus Christus, ons Verlosser en die Heilige Gees, ons Vernuer. Wie iets van die Nagmaalsgebeure wil begryp, moet die Christusgebeure verstaan. As gedagtenismaal wys die Nagmaal immers terug na die kruisiging van Jesus Christus, na sy bloedstorting, na sy soendood vir ons en in ons plek sodat ons kan lewe. Die dood van Christus spreek van oorwinning en hoop, van vergewing en verlossing. Dit kan nie anders nie as dat ouers met hulle kinders en kinders met hulle ouers hieroor gesprek sal voer, dat vrae gestel en antwoorde gegee sal word. Ouers sal die lewe en werk van Christus met hulle kinders moet bespreek en op een of ander tyd sal die vraag gestel moet word: “My kind, verstaan jy wat Christus gedoen het? Aanvaar jy dat Hy dit ook vir *jou* gedoen het? *Glo* jy dit?” Sulke geloofsgesprekke sal daarop afgestem moet wees dat kinders op die een of ander wyse *ja* sal sê op die beloftes van die evangelie en dit kan tog niks anders wees as 'n bepaalde vorm van (kinderlike) geloofsbelydenis nie, waar dit nie in die eerste plek gaan oor die kwantiteit kennis nie maar waar die kwaliteit daarvan deurslaggewend behoort te wees. Per slot van rekening mag ook volwassebelydenis niks anders as in kinderlike vertrouwe uitgespreek word nie (Mark. 10:15).

Die feit dat die geloofsbelydenis aan die Nagmaal (genademiddel) voorafgaan, mag nie foutiewelik verstaan word asof die geloofsbelydenis as voorwaarde vir die ontvangs van die genade geld nie, maar dit moet sò verstaan word dat hiërdie genademiddel, anders as die kinderdoop, alleen sinvol ontvang kan word wanneer die betekenis daarvan begryp word – anders sou ook suigelingte tot die Nagmaal toegelaat moet word.

Hierdie benadering sal die verantwoordelikheid van die ouers en huiskatkinsasie ontsaglik verskerp. Die ouers dien dan as instansie wat oordeel oor die rytheid en gereedheid van hulle kinders ten opsigte van Nagmaalsviering (Theron, 1994:303; Prins, 1994:313). Hierdie oordeel geskied egter nie sommer so nie, maar na deeglike gesprek, onderrig en (tuis-) belydenis. Hiermee is die verantwoordelikheid van die kerkraad nie uitgeskakel nie, want dié tree veral na vore tydens die openbare geloofsbelydenis voor die gemeente op ongeveer twaalfjarige ouderdom – gedagtig aan die optrede van Jesus in die tempel op twaalfjarige ouderdom (Luk. 2:41-52; vgl. Van der Werf, 1965:48; Aalbers, 1971:40), ’n ouderdom wat nie net Christologies nie maar ook psigologies en pedagogies verantwoord kan word. Die kategese mag egter onder geen omstandighede dan beëindig word nie maar moet ten minste tot met skoolverlating volgehou word. Hierin sal die kerkraad ’n belangrike rol moet speel en die nodige dissipline moet toepas. Kerkregtelike maatreëls behoort egter onder alle omstandighede die welsyn van die kerk (en die heilskarakter van die Nagmaal) te dien en nie andersom nie (Torrance, 1987:200-205).

Hierdie benadering waarin die ouerlike verantwoordelikheid so sterk beklemtoon word, veronderstel dat ook aan ouers die nodige toerusting gegee sal word (volwassekategese) om hierdie taak van huiskategese doeltreffend te kan verrig (Aalbers, 1971:40).

Die vraag kan gestel word of die geloofsbelydenis (eers tuis en daarna voor die gemeente) nie daarmee gedupliseer word nie – opvallend is dat Calvyn meerdere geleenthede per jaar vir geloofsbelydenis oorweeg het (Van der Wal, 1971:97; vgl. Verboom, 1991:53). Die wedervraag is of so ’n praktyk verkeerd sou wees. Word die belydenis nie in elk geval telkemale herhaal nie: deur doopouers, deur ampsdraers wat bevestig word, deur die hele gemeente elke Sondag (*Apostolicum Niceanum*), ja, is elke Nagmaalsviering nie self ook ’n openbare belydenis nie (Bolkestein, 1964:31; Woelderink, 1974:237; Theron, 1994:301; vgl. Clasen & Vos, 1990:110)? In hierdie verband kan ook aan Petrus gedink word. Toe Jesus hom geroep het, het hy positief gereageer en Hom gevolg (Mark. 1:16-18). Later het Petrus Hom openlik bely as die Messias en die Seun van God (Matt. 16:16). Nog later, nadat Petrus Hom verloën het, moes hy weer bely dat hy Jesus waarlik liefhet (Joh. 21:15-17).

Oor die inhoud van die geloofsbelydenis moet nog enkele opmerkings gemaak word (vgl. Van der Wal, 1971:88-94, 117-123; Van Wyk, 1989:91-92). Handel dit oor “die Gereformeerde godsdiens” of handel dit oor God? Reeds eerder het ons gewys op die verskil tussen die Reformatore oor hierdie saak. Waar Bucer die klem laat val het op die persoonlike karakter van die geloofsbelydenis, het Calvyn die meer kerklike aard daarvan onderstreep – hoewel dit eensydig sou wees om te meen dat Calvyn die *fides quae* sou misken het (Verboom, 1991:32-

33). Die Skrifgewens hieroor dui egter oteenseglik op die *persoonlike* aard van die belydenis: nie *iets* nie maar *iemand* word bely, nie kerklike dogmas nie, maar die God van die verbond (vgl. Van der Linde, 1983:204). Ons glo *nét in* God maar *aan* dogmas (Calvyn – *Institusie*, 4.1.2). In laasgenoemde geval beteken *glo aan* soveel as “instemming betuig met”. In ’n sekere sin is dit verwarrend om die term *geloof* in hierdie oneintlike sin te gebruik. Sowel die tuisbelydenis as die openbare belydenis voor die gemeente moet dus sterk afgestem wees op God, *sy* genade, *sy* liefde, *sy* verlossing, wat ons in Christus geskenk word. Die mens glo nie *sy* eie geloof nie, hy glo in God wat aan hom geloof en verlossing skenk (vgl. Theron, 1994:301). In die geloofsakte (*fides qua*) gaan dit veral oor die geloofsinhoud (*fides quae*).

Ook by die geloofsbelydenis staan die verbondsrelasie sentraal; trouens, dit verleen uitdrukking aan die aanvaarding van die verbondsbeloftes en verbondseise van God deur die gelowige (Verboom, 1991:51).

4. Samevatting

- * Uit die kerkgeskiedenis word dit duidelik dat die kindernagmaal ’n vroeë begin het. Ook in die tyd van die Reformasie het kinders op ’n jong ouderdom (tien tot vyftien jaar) aan die Nagmaal deelgeneem. Wat saak gemaak het, was nie hoe oud die kind was nie maar of hy/sy kategetiese onderrig ontvang en geloofsbelydenis gedoen het.
- * Uitgaande van die Nagmaal as nuwe verbondsteken wat alleen reg verstaan kan word teen die agtergrond van die Paasfees as Ou-Testamentiese verbondsteken, en waarby ook kinders ten nouste betrokke was, moet ten gunste van die kindernagmaal gekonkludeer word (dit wil sê kinders wat al kan verstaan).
- * Uit die Skrifgewens blyk dat Nagmaalsgangers in staat moet wees om hulleself te kan ondersoek (veral ten opsigte van naasteliefde) en dat hulle oor onderskeidingsvermoë moet beskik (veral ten opsigte van ’n gewone maaltyd en die Nagmaal). Anders gesê: wie (ook) sy doop verstaan, mag Nagmaal vier. Daar is geen deurslaggewende rede waarom kinders nie tot hierdie dinge in staat kan wees nie. Uiteraard veronderstel dit ’n bepaalde vorm van (huis-) kategesis waar ouers hulle kinders moet onderrig en die kinders op vrae moet antwoord. Dit impliseer ’n eerste elementêre belydenis.
- * Daar is geen duidelike Skrifgewens oor die noodsaak van ’n openbare geloofsbelydenis voor die gemeente as voorwaarde en toegangspoort tot die Nagmaal nie. Sodanige openbare belydenis, wat goedskiks op twaalfjarige ouderdom afgelê kan word, moet as belangrike ordereëling in die plaaslike kerke gehandhaaf word. Dit is egter belangrik dat voortgaande kategetiese onderrig aan die kinders sal geskied en wel tot ten minste skool-

verlatersouderdom. Hierin behoort die kerkraad sterk leiding te neem. Op hierdie wyse kan een van die groot praktiese probleme rondom die kinderkommunie, naamlik dat dit die kategetiese skade berokken, ondervang word.

- * Indien aanvaar word dat die Nagmaal 'n sigbare teken en seël is wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie (dit is, vergewing van sondes ter wille van Christus en die ewige lewe) beter te laat verstaan en dit te verseël (HK 25:66), ja, indien ons aanvaar dat die Nagmaal die geloof versterk (HK 25:65), moet gesê word dat juis jong kinders hierdie geloofsversterkende middel in hulle puberteitsjare besonder nodig het. Dit is waar dat die Nagmaal niks meer sê as wat die doop sê nie (HK 25 & 26), maar tog sê dit dieselfde saak op 'n ander manier wat Christus nodig geag het om ons geloof, deur die herhaalde gebruik daarvan, te versterk.
- * Die praktyk van 'n vroeër kinderkommunie behoort nie oorhaastig ingevoer te word nie. Dit is 'n nuwe saak wat alle kerke in kerkverband raak. Daarom behoort dit met deeglike besinning gepaard te gaan en behoort sinodaal daarvoor besluit te word. Dit alles impliseer dat ook hierdie artikel aan kritiese evaluering onderwerp moet word.

Bibliografie¹

- AALBERS, B J 1971. *Kinderen aan het avondmaal?* Kampen : Kok
- ANON 1992. *The catechism of the Catholic Church* Gweru : Mambo
- BAVINCK, H 1928. *Gereformeerde Dogmatiek 1* Kampen : Kok
- BAVINCK, H. 1930. *Gereformeerde Dogmatiek 4* Kampen : Kok
- BERKOUWER, G C 1954. *De sacramenten* Kampen : Kok
- BOLKESTEIN, M H 1964. *Confessio en admissio* *Kerk en Theologie*, 15(1) 22-46, Januarie
- BREED, G & VENTER, C J H 1996. *Sien, hoor en ken: Basisteoretiese perspektiewe op geloofsopvoeding deur die onderhouding van die Pasga 'n Verkenning van Ou-Testamentiese gegewens* *In die Skriflig*, 30(1):57-72, Maart
- BREYTENBACH, C 1986. *Die konflikte in die kerk te Korinte en die eenheid van die liggaam van Christus* (*In Breytenbach, C., red. Eenheid en konflik. Eerste beslissinge in die geskiedenis van die Christendom* Pretoria : N G Kerkboekhandel p 48-60.)
- BOUWMAN, H 1970. *Gereformeerde kerkrecht 2: Het recht der kerken in de praktijk* Kampen : Kok
- CALVYN, J 1992. *Institusie van die Christelike godsdiens, 1559*. Potchefstroom : CJBF

1 Die proefskrif van J D Suk, *Infant Communion. The historical and biblical case for its practice* (1990) was ongelukkig nie in Suid-Afrika beskikbaar nie. Vergelyk in die verband *Theses Abstracts in Calvin Theological Seminary*, 25(2) 1990:337.

- CLASEN, F J 1989 Die kinderkommunie 'n Prakties-teologiese studie. Pretoria : UP. (D.Th.-proefskrif.)
- CLASEN, F J & VOS, C J A. 1990 Kinders aan die Nagmaalstafel? *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 5:107-116.
- DEN HEYER, C.J. 1990. De maaltijd van de Heer: Exegetische en bijbeltheologische studie over pascha en avondmaal. Kampen : Kok.
- GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe. Kampen : Kok.
- GRUNDMANN, W. 1974. *dokima'zo*. (In Theological Dictionary of the New Testament. Abridged. Grand Rapids : Eerdmans.)
- HARTVELT, G.P. s.j. Tastbaar evangelie: Nieuwe commentaar Heidelbergse Catechismus. Aalten : De Graafschap.
- HENDRIKS, A.N. 1986. Kinderen aan de tafel van Christus? Kampen : Van den Berg.
- HERMANS, J. 1987. Eucharistie vieren met kinderen. Brugge : Tabor.
- KEIDEL, C.L. 1975. Is the Lord's Supper for children? *Westminster Theological Journal*, 37:301-341.
- MORRIS, L. 1971. Corinthians: An introduction and commentary. London : Tyndale.
- MÜLLER-FAHRENHOLZ, G., ed. 1982. And do not hinder them: An ecumenical plea for the admission of children to the Eucharist. Geneve : WCC.
- NAUTA, D. 1971. Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen : Kok.
- NEUNER, J & DUPIUS, J., ed. 1983. The Christian faith in the doctrinal documents of the Catholic Church. Glasgow : Collins.
- NIJENHUIS, W. 1974. Kinderkommunie en confirmatie in de Reformatie, bepaaldelijk in het Calvinisme. *Kerk en Theologie*, 25(4):297-317, Oktober.
- PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvijn. Kampen : Kok.
- PRINS, J.G.M. 1994. Kinders aan die nagmaalstafel – belangrike oorwegings ten opsigte van die implementering. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 35(2) 306-317, Junie.
- REFORMED ECUMENICAL SYNOD. 1992. Acts. Grand Rapids p 340-343.
- RIDDERBOS, H. 1966. Paulus: Ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.
- SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering 'n Handboek by die kerkorde Hammanskraal HTS.
- THERON, P.F. 1994. Suigelingdoop en kinderkommunie. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 35(2) 296-305, Junie.
- TORRANCE, J.B. 1987. Some theological grounds for admitting children to the Lord's Table. *Reformed Review*, 40(3):200-205.
- TRIMP, C. 1983. De gemeente en haar liturgie. Een leesboek voor kerkgangers. Kampen : Van den Berg.
- VAN DEN BERG, M.R. 1978. Voor wie is het avondmaal? Sacrament voor ingewijden of verbondsmaaltijd? Kampen : Kok.

- VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde: 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom : PTP.
- VAN DER WAL, C. 1971. Amen en beamen: Doop-belijdenis-avondmaal. Kampen : Kok.
- VAN DER WERF, J. 1965. Overwegingen ten aanzien van de kindercommunie. *Kerk en Theologie*, 16(1):38-48, Januarie.
- VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : Kok.
- VAN GENDEREN, J. 1993. Naar de norm van het Woord. Kampen : Kok.
- VAN WYK, J.H. 1978. Communio en admissio – 'n Inleidende studie oor die toelating van gaste tot die Nagmaal. *In die Skriflig*, 12(46):40-47, Junie.
- VAN WYK, J.H. 1989. Brug tussen doop en nagmaal. *In die Skriflig*, 23(90):85-96, Julie.
- VERBOOM, W. 1991. De openbare geloofsbelijdenis: Historisch theologische notities. *Theologia Reformata*, 34(1) 28-53, Maart.
- VERSTEEG, J.P. 1980. Het avondmaal volgens het Nieuwe Testament. (*In Van't Spijker, W., et al.* Bij brood en beker. Leer en gebruik van het heilig avondmaal in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de Westerse kerk. Goudriaan : De Groot. p. 9-64.)
- VERSTEEG, J.P. 1983. De doop volgens het Nieuwe Testament. (*In Van't Spijker, W., et al.* Rondom de doopvont. Leer en gebruik van de heilige doop in het Nieuwe Testament en in de geschiedenis van de Westerse kerk. Kampen : De Groot Goudriaan. p. 9-133.)
- WENTSEL, B. 1995. Dogmatiek 4a: De persoon en het werk van de Heilige Geest. Kampen : Kok.
- WESSELS, F., red. 1995. Kinders aan die nagmaalstafel? *Die Kerkbode* 9, Des. 1.
- WIELENGA, B. 1913. Ons Avondmaalsformulier. Kampen : Kok.
- WOELDERINK, J.G. 1974. Verbond en bevinding. Amsterdam : Ton Bolland.

